

'n Teologie van teerheid – die alternatiewe kerk in Heinrich Böll se roman *Gruppenbild mit Dame*

Camphie Saayman
Departement Duits
Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

Abstract

A theology of tenderness – the counterchurch in Heinrich Böll's novel *Gruppenbild mit Dame*

*Heinrich Böll's novel **Gruppenbild mit Dame** is a protest against a dehumanized German society – a society which, according to him, is solely committed to production and consumption. In the novel the way in which a certain group of people live is portrayed – a depiction forming a stark contrast with society and its corrupt values. In the novel this small group of people is positioned around the main character, Leni Pfeiffer.*

Böll could never rid himself of his Christian heritage – thus religious motifs are significant in this work, as they are in his whole oeuvre. In the novel it soon becomes evident that Leni has the qualities of a new madonna and that the group surrounding her exhibits the characteristics of a secret church or counterchurch. Not only does this church have its own madonna and its own messiah, it even has its own gospel – that of deliberate underachievement.

This article attempts to analyse the above-mentioned aspects of the counterchurch in the novel and to examine the implications of such a subculture for Western civilization, not only in Germany, but also in our own African context.

1. Inleiding

Die Duitse skrywer en Nobelpryswenner, Heinrich Böll, was 'n betrokke skrywer by uitstek; trouens Böll se hele oeuvre kan eintlik gelees word as kommentaar op die Duitse geskiedenis vanaf die Tweede Wêreldoorlog tot en met sy dood in 1985 (Vormweg, 1985:15). Sy talle kortverhale, romans en hoorspele, sy toesprake, artikels, briewe, deelname aan protes-optogte, selfs aan onwettige sitstakings by die Amerikaanse missielbasisse (Sowinski, 1993:25), was alles maniere waarop Böll probeer het om die Duitse samelewing te beïnvloed. Daarby het Böll by uitstek juis godsdienste beskou as 'n krag met die potensiaal om die wêreld te verander (Augstein, 1973:79). Een van sy romankarakters, Schrella, in *Billard um halbzehn* (1963), sê byvoorbeeld by geleentheid dat Christus die enigste een is van wie hy iets vir hierdie wêreld verwag (Böll, 1963:292).

Tog is Böll se werk (sy literêre sowel as ander publikasies) 'n voortdurende klag dat juis hierdie potensiaal nie verwesenlik word nie, dat die Christene en dan meer spesifiek die Rooms-Katolieke Kerk in Duitsland, waarvan Böll tot in die laat sewentigerjare 'n lidmaat was, hul roeping nie vervul nie. Weens hierdie teleurgestelde verwagting is die positiewe karakters in sy romans daartoe gedwing om buitestaanders te wees en kom groepe wat eienskappe van 'n *alternatiewe* kerk aanneem dikwels voor.

Ook in sy roman *Gruppenbild mit Dame* (1971) gee Böll gestalte aan sy alternatiewe samelewingsmodel deur middel van 'n groep wat eienskappe van 'n alternatiewe kerk vertoon. Dié groep leef dit wat Böll in sy onderhoud met Christian Linder "Theologie der Zärtlichkeit" (Teologie van teerheid) (Linder, 1975:72) genoem het prakties uit – 'n teologie wat volgens hom nog glad nie deur die samelewing ontdek is nie.

Hierdie artikel is 'n poging om nie slegs Böll se alternatiewe kerk in *Gruppenbild mit Dame* te ondersoek nie, maar ook om te vra na die sosiale implikasies daarvan. 'n Sodanige poging sou juis in ooreenstemming wees met dit wat die Amerikaanse literatuurwetenskaplike, Edward Said, bepleit – dat literêre kritiek nie in 'n vakuum geskied nie en dat die invloed van letterkunde ook na die samelewing uitkring. Tydens 'n onderhoud stel Said dit só: "... a great deal of unnecessary effort goes into defining what is purely literary ... What is interesting about literature, and everything else, is the degree to which it's mixed with other things, not its

purity” (Salusinszky, 1987:138). Juis weens die besonder ‘betrokke’ aard van Böll se werk, soos kortliks hierbo uiteengesit is, is dit seker gepas dat enige betekenisvolle besinning daaroor nie slegs literêr-esteties te werk sal gaan nie, maar die skrywer ook sal uithoor wat die moreel-etiese en sosiale konsekwensies daarvan betref. Anders geformuleer: gee dié roman werklik ’n realistiese alternatief vir die Duitse samelewing, wat na Böll se mening gedehumaniseer is? Laasgenoemde vraag word des te dringender in die lig van Böll se stelling dat hy met dié werk ’n “praktikablen Vorschlag” (’n uitvoerbare alternatief) gebring het (Wellershof, 1975:149).

Hierdie artikel fokus dan op Böll se alternatiewe kerk of pseudo-gemeente, die “Gruppe” van *Gruppenbild mit Dame*, en wel onder die volgende gesigspunte:

- * Die ‘Madonna’.
- * Die sakramente.
- * Die evangelie.
- * Die lidmate van die alternatiewe kerk.
- * Die praktiese implikasies van Böll se alternatiewe model.

2. Die ‘Madonna’ van Böll se alternatiewe gemeente

Die hoofkarakter, Leni Pfeiffer, het gedurende die oorlogsjare met die Duitse samelewing oorhoops gelê deur onder andere ’n verhouding aan te knoop met Boris, ’n Russiese krygsgevangene by wie sy ’n seun, Lev, gehad het. Meer as twintig jaar later is sy steeds die skyf van aggressie as gevolg van ’n verhouding met ’n Turkse gasarbeider. Tydens die oorlog sowel as later het daar egter ook groepe mense om Leni vergader wat haar ondersteun het – vroeër in die kranbindery by die kerkhof waar Leni gewerk het en toe die sogenaamde “Helft-Leni-Komitee” probeer verhinder het dat sy uit haar huis gesit word.

Leni en hierdie groepe is die roman se alternatief vir ’n Duitse samelewing wat volgens Böll sy menslikheid verloor het. Vir die uitbeelding van hierdie alternatief maak Böll egter gebruik van verskeie Christelike motiewe. Interpreteerders is dit dan ook eens dat Leni as nuwe Madonna verstaan moet word.

Reeds heel aan die begin van die roman lees ons dat Leni ’n vertrouensverhouding met die maagd Maria het, dat sy Maria byna

daaglik op die televisieskerm 'ontvang' aan die einde van die dag wanneer al die televisiestasies hulle uitsendings gestaak het. Sy is dan telkens verbaas daaroor dat Maria ook 'n blondine is en nie meer so jonk soos wat die algemene opvatting van haar is nie. Leni en Maria glimlag dan stilswyend vir mekaar (Böll, 1975:17, 18). Die roman sluit ook met 'n verwysing na hierdie ontmoetings wanneer die voormalige non, Klementina, sê: "Es ist sie selbst, sie, sie ist es, die da aufgrund noch zu klärender Reflexionen sich selbst erscheint" (Böll, 1975:374). 'n Mens kan die nagtelike ontmoetings met die maagd Maria dus eintlik as 'n raam sien waarbinne die verhaal afspeel. Hierdie intieme verhouding met Maria vorm egter nie *slegs* 'n raam nie; die boek self is deurspek met motiewe wat daarop dui dat Leni 'n nuwe of moderne madonna is.

Reeds as sestienjarige meisie het Leni tydens haar sogenaamde "Heidekrauterlebnis" die gevoel gehad dat sy 'geneem' is en 'gegee' het. Teenoor haar vriendin, Magret, het sy later gesê dat sy nie in die minste verbaas sou gewees het as sy swanger geraak het nie. Die maagdelike geboorte is dus nie vir haar enigsins onbegryplik nie (Böll, 1975:28).

Hierdie vroeë belewenis word voller en intensiewer herhaal in die ontvangenis en geboorte van haar seun, Lev. In die roman word berig dat Lev volgens alle berekening verwek is op 'n dag waarop daar geen nagskof in die kransbindery gewerk is nie en Leni en Boris dus geen geleentheid tot intimiteit kon gehad het nie (Böll, 1975:256). Voorts is Lev op ou komberse en strooi in die kerkhofblommewinkel gebore. 'n Mens het geen besondere verbeeldingskrag nodig om die ooreenstemming tussen hierdie beskrywing van Lev se geboorte en die tradisionele voorstellings van die Christuskind in die strooi raak te sien nie.

Na Lev se geboorte, so berig Lotte Hoyser, een van die romankarakters, het Leni en Boris soos die heilige familie met hulle seuntjie Lev geleef.

Er war doch nicht davon abzubringen, daß man eine Frau drei Monate nach der Entbindung nicht anfassen darf und auch vom sechsten Monat an nicht – die haben doch ein halbes Jahr wie Maria und Joseph miteinander gelebt ... (Böll, 1975:241).

Die geboorte van Christus word in die Christelike wêreld as die begin van 'n nuwe tyd beskou, vandaar ook die Christelike jaartelling. So breek daar

ook met die geboorte van Lev 'n nuwe tyd aan – dit is die einde van geweld en oorlog en 'n beskeie nuwe begin, die tyd van vrede (Carlson, 1974:55).

As Leni en Boris as 'n moderne Maria en Josef verstaan kan word, as die geboorte van hulle seun die begin van 'n nuwe tydvak is, dan sou dit sekerlik nie vreemd wees as Lev 'n nuwe Messiasfiguur sou wees nie. Hy word dan ook in dié lig deur die meeste interpreteerders gesien. Conard skryf in hierdie verband:

And he indeed assumes this role. He associates with the underprivileged of society, the garbage collectors and street cleaners. He has even learned Russian and Arabic in order to mediate between peoples. For the poor he is a leader who serves their interests und understands their problems. He is also the prophet of the Gospel of secular salvation: deliberate underachievement (Conard, 1981:176).

Leni Pfeiffer vertoon dus vele eienskappe wat (nie toevallig nie) ooreenstem met dié van die maagd Maria. Wanneer ons egter reg aan die roman wil laat geskied en veral Böll wil uithoor oor sy sogenaamde “Theologie der Zärtlichkeit” (Linder, 1975:72), dan moet ons die hoofkarakter van hierdie roman verder onder die loep neem.

In 'n gesprek met Heinz Ludwig Arnold sê Böll die volgende van sy *Gruppenbild*-roman: “Es ist der Versuch, in den Materialismus oder in die Materialität des menschlichen Lebens eine neue Dimension zu bringen, die Sakralität des Materiellen zu erklären ...” (Arnold, 1971:59). Hierdie woorde van Böll vat dit waarom dit in die karakter van Leni Pfeiffer gaan baie goed saam. In Leni word aan die leser iemand voorgehou in wie se lewe die dualiteit van liggaam en gees met die oorbeklemtoning, of dan weer dikwels geringskatting van liggaamlikheid wat daarmee gepaard gaan, opgehef is. Leni se eerste en primêre gawe is haar sinnelikheid en sy leef dit ten volle uit sonder om haar aan die afkeur of goedkeuring van die samelewing om haar te steur (Lange, 1975:110). Reeds vroeg in die roman lees ons: “Es kann hier nur angedeutet werden, was möglicherweise im Laufe des Berichts bewiesen wird: daß Leni ein verkanntes Genie der Sinnlichkeit ist” (Böll, 1975:31).

Die woord “Sinnlichkeit” (sinnelikheid) is nie in hierdie roman tot die bloot seksuele of erotiese beperk nie. In 'n onderhoud met Dieter Wellershof sê Böll die volgende in dié verband:

... das ist der Versuch, das Wort Sinnlichkeit und alles, was so drum herum gedacht und assoziiert wird, an dieser Person neu zu explizieren. Ich glaube, daß die Sinnlichkeit dieser Frau verbunden ist mit einer bestimmten Form von Sensibilität, also mit der physischen Sensibilität, der erotischen Sensibilität, und ihre Sinnlichkeitsvita wird deshalb sehr kompliziert, sowohl was vordergründige Sinnlichkeit, Essen, Trinken, Kleider betrifft, wie auch das, was erotische Erlebnisse betrifft, und mich hat das einfach gereizt, es an einer solchen Figur neu auszudrücken ... (Wellershof, 1975:143).

Die mens wat soos Leni heeltemal sinnelik is, leef in totale harmonie met haarself. Hierdie sinnelikheid wat deurgaans uitgeleef word, raak nie slegs die liggaamlike nie, maar sluit die hele lewe met al sy uitinge in (Herlyn, 1979:85); dus die hele persoonlikheid (Schnedl-Bubenicek, 1977:30). Hierdie siening word deur Balzer ondersteun wanneer hy skryf dat sinnelikheid by Böll vir alle lewensuitinge staan; meer nog, dit staan vir die 'menslike' of dan vir 'menslikheid' soos Böll dit in sy *Frankfurter Vorlesungen* geformuleer het (Balzer, 1975a:26).

In Leni se onbevange sinnelikheid val utopie en realiteit in die mens saam (Kaiser, 1978:225). 'n Mens sou kon sê dat die sinnelike mens volgens Böll se siening in 'n gerealiseerde utopie leef, omdat hy heeltemal in harmonie met sy wese is. Meer nog, die sinnelikheid of rein menslikheid van Leni maak haar tot 'n volkome harmoniese karakter. Sy ken geen teenspraak in haarself nie en is ten diepste 'n eietydse heilige.

Leni se totale sinnelikheid kom op verskillende gebiede tot uitdrukking. Wat die seksuele betref, lees ons Leni het "die unvergleichliche Direktheit rheinischer Mädchen, die, wenn sie jemand gern haben oder gar das Gefühl, an den Richtigen geraten zu sein, sofort zu allem und zu den kühnsten Zärtlichkeiten bereit sind, auch ohne kirchliche und staatliche Lizenzen abzuwarten" (Böll, 1975:201, 202). Leni en Boris benut dan ook die lugaanvalle gedurende die dag as geleenthede tot intimiteit en Leni beskou die baie geleenthede as 'genade' en 'n geskenk van die moeder Maria, omdat sy weet hoe baie Leni van haar hou (Böll, 1975:213).

'n Verdere teken van Leni se ongekompliseerde ingesteldheid teenoor haar eie liggaam is haar muurversierings wat bestaan uit afbeeldings van menslike organe – spysvertering- en geslagsorgane ingesluit (Böll, 1975:17). Dit doen dan ook nie vreemd aan dat die samelewing aanstoot neem aan Leni se muurversierings nie. "Der hochgestellte Herr" vind dit

onvanpas en voeg dan daaraan toe: “schließlich sind wir doch gebrochen, gebrochen in unserer Natur” (Böll, 1975:283-284). Böll het egter juis in Leni iemand uitgebeeld wat *nie* gebroke in haar natuur is nie.

Benewens Leni se ongekompliseerde ingesteldheid tot seksualiteit en die funksies van die menslike liggaam toon sy ook vanaf haar kinderdae ’n besondere belangstelling in haar eie uitskeidings. Reeds as kind wou sy weet: “Verflucht, was ist das für ein Zeug, das aus mir herauskommt?” (Böll, 1975:27). Wanneer Leni met die Joodse non, Rahel, in kontak kom, is haar belangstelling in haar spysvertering nog nie bevredig nie en sy word ’n geesdriftige aanhanger en volgeling van Rahel (Böll, 1975:37). Rahel moes die spysverteringsprodukte van die jong meisies onder haar sorg inspekteer – ’n taak wat sy met entoesiasme en ywer uitgevoer het, juis omdat sy daarvan oortuig was dat daar tussen die mens se liggaam met al sy verskillende funksies en sy gees of intellek geen dualisme bestaan nie.

Hierdie aspek van die oorbrugging van die liggaam-gees-dualisme is nie slegs ’n simptoom van Leni se ongebroke natuur, van haar positiewe siening van die liggaam met al sy funksies nie – dit hang ook ten nouste saam met dit wat Böll in sy *Frankfurter Vorlesungen* die ‘afval van die samelewing’ noem. Slegs op die afvalhoop van die moderne maatskappy kan die skrywer sy stof soek, omdat menslikheid slegs te vinde is in dit wat die samelewing as vullis beskou (Böll, 1968:82). Aan hierdie aspek van Böll se siening van wat ware menslikheid is, word later weer aandag gegee wanneer die lidmate van die alternatiewe kerk bespreek word.

Weens Leni se totale sinnelikeheid het haar akademiese skoling misluk. Veral vakke soos wiskunde en godsdiensoonderrig het haar hoofbrekens besorg (Böll, 1975:27). Die leerstof was vir Leni heeltemal onverstaanbaar, omdat sy niks kon begryp wat nie ’n sinnelike dimensie het nie. Ook wat haar musiekonderrig betref, het Leni geen sintuig vir die abstrakte gehad nie. Sy kon net via omweë leer om note te lees. Tog is haar Schubert-interpretasie van wêreldgehalte, volgens die oordeel van die musiekkritikus, dr. Schirtenstein. Hy het aanvanklik nie geweet wie dit was wat hy hoor speel het nie, maar dié een het volgens sy oordeel nie net iets geleer nie, die persoon het intuïtief iets begryp. “Da spielte nicht einer Klavier, da – da geschah Musik ...” (Böll, 1975:99).

Leni se onbevange sinnelikheid is dus bepalend in alles wat sy doen; dit is nie bloot een van haar eienskappe nie, maar veeleer paradigmaties vir haar eenduidige wese en haar wesensmatige reinheid. Sy is sinnelik omdat sy geen gebrokenheid in haar natuur ken nie en in metafisiese sin rein is. As die Madonna van die nuwe kerk se primêre gawe dan haar geniale sinnelikheid of sensualiteit is, sou 'n mens kon aflei dat sinnelikheid ook 'n groot rol sou speel in die alternatiewe of nuwe gemeente in die "Gruppe" van *Gruppenbild mit Dame*. In die volgende paragraaf sal gepoog word om juis dit aan te toon.

3. Die sakramente van die alternatiewe kerk

Die groepe wat om Leni Pfeiffer versamel (sowel dié in die begraafplaas tydens die oorlog as die sogenaamde "Helft-Leni-Komitee"), vertoon kenmerke van 'n nuwe gemeente. Nie slegs het hulle 'n nuwe Madonna in die sentrum nie, maar hulle optrede herinner aan dié van die eerste Christelike gemeente. So is die groepie byvoorbeeld tydens die oorlog soos die eerste Christene verplig om hulle terug te trek in onderaardse plekke, onder "katakombenähnlichen Umständen" (Böll, 1975:252).

'n Verdere kerklike eienskap van hierdie groepe kom daarin tot uitdrukking dat sommige van hulle handeling 'n sakramentele aard vertoon (of dan ten minste in sakramentele terme beskryf word). Ook wat hierdie aspek betref, stel Leni die voorbeeld en gaan haar 'gemeente' daarin voor. So kom die opletende leser gou agter dat Leni se twee kraakvars broodrolletjies wat sy elke oggend eiehandig vir haar ontbyt uitsoek sakramentele betekenis verkry. Reeds vroeg in die roman word genoem dat ontbyt haar daaglikse "Feiertagsmahl" is (Böll, 1975:10). Die sakramentele funksie van die twee broodrolletjies blyk voorts duidelik uit Lev se woorde nadat hy die hosties gesteel het: "Von da an kommunizierte ich nur noch mit meiner Mutter morgens beim Frühstück" (Böll, 1975:355-356).

Leni se sakramentele handeling is egter nie slegs beperk tot die twee broodrolletjies nie. Die sogenaamde "Stunde der Tasse Kaffee" wat presies in die middel van die roman lê, en as skakel tussen die twee dele dien en juis die groep in die kerkhof as 'gemeente' saambind, vertoon ewe eens sakramentele trekke. "Mein Gott, Sie wissen doch, daß man so nie

Tasse rasch mal ausspülen kann, meinerwegen auch gründlich, aber sie spülte sie, als wär's ein heiliger Kelch" (Böll, 1975:173).

Die vernaamste sakramentele handeling van die roman – of dan wel die een wat die meeste klem kry – is egter handoplegging. Reeds wanneer vertel word hoe Leni vir Boris 'die hande opgelê het', word dit in byna religieuse terme geklee: "Da hat sie einfach ihre linke Hand auf seine rechte gelegt, und es ging durch ihn wien elektrischer Schlag. Der fuhr regelrecht in die Höhe wie bei der Himmelfahrt" (Böll, 1975:179). Op hierdie daad van Leni wat deur Margareta Deschner 'n "Gnadenakt" genoem word (Deschner, 1974:17), volg 'n reeks soortgelyke handelinge.

Leni se 'handopleggings' is nie beperk tot Boris en dan later Mehmet nie: ook Schirtenstein en Scholsdorff word 'begenadig'. Klementina vind byvoorbeeld dat albei teen die einde van die roman baie meer ontspanne voorkom en ontdek dan self die rede daarvoor: "Schirtenstein Wange an Wange und Hand in Hand mit Leni auf einer Bank im Blücher-Park. Was Scholsdorff betrifft, so ist sie zweimal Augenzeugin von Handauflegungen im Café Spertz gewesen" (Böll, 1975:372).

Op Leni se handoplegging volg 'n reeks soortgelyke handelinge in die 'gemeente'. Ook hierin is Leni die nuwe Madonna na wie se inisiatiewe die sakramente van haar kerk terugherte moet word. So lees 'n mens dat Lotte Hoyser en Bogakov hand aan hand op die rusbank aangetref word (Böll, 1975:346). Ook Mehmet, die Turk, laat uiteindelik Leni se hand glad nie los nie en terwyl sy koffie inskink, dwing hy haar om dit met een hand te doen, deurdat hy haar vry hand vashou (Böll, 1975:347). Hierdie handjehouery werk so aansteeklik dat ook Klementina, die voormalige non, daartoe oorgaan om die verteller se hand te hou asof sy sy pols voel (Böll, 1975:348).

Balzer sien met reg die kring van mense wat hande vat as 'n simbool van samehorigheid, maar tegelyk is hierdie handeling 'n inisiasieritueel vir lede van die "Helft-Leni-Komitee" (Balzer, 1975a:25). 'n Mens sou dit selfs as inlywingerseeremonie in die nuwe gemeente kon sien, 'n gemeente versamel om hul sinnelike madonna, verenig deur hul sensuele sakrament van 'handoplegging'

4. Die evangelie van die nuwe kerk

Benewens sy uitsprake teen ander misstande het Böll in sy werk steeds te velde getrek teen die Duitsers se oorbeklemtoning van konsumpsie en van prestasie (*Konsum- und Leistungsgesellschaft*) en in hierdie roman bereik dié tendens 'n hoogtepunt. Die moderne mens is steeds onder dwang om te presteer, maar is ook in die wurggreep van 'n samelewing wat allereers en bo alles op konsumpsie ingestel is. Volgens die voorstanders van die ekonomiese vooruitgangsideologie sou die sêninge van die verbruikersmaatskappy gewaarborg word daardeur dat die mens toenemend daardie dinge verbruik wat hy in werklikheid al minder vir ware menswees nodig het (Von Delft, 1989:30). Böll wys dit alles uit as 'n bouse kringloop (*Teufelskreis*) waaraan 'n mens moeilik kan ontkom. Dit is asof jy jou in 'n nuwe Auschwitz bevind met die woorde 'Verbruik maak vry' ("Verbrauch macht frei") bo die ingangspoort (Herlyn, 1979:64). Teenoor die 'Auschwitz' van die samelwing staan dan in hierdie roman 'n groepie mense wat 'n teenvoeter vorm, 'n groep vir wie ander norme geld – 'n nuwe gemeente, versamel om 'n nuwe madonna.

Omdat Böll se alternatiewe model in religieuse metafore geklee is en as nuwe kerk aangebied word, doen dit dan ook nie vreemd aan dat ook 'n nuwe 'blye boodskap' verkondig word nie. Hierdie 'evangelie' dra die naam "Leistungsverweigerung" oftewel "Lvw." soos die verteller dit kortweg noem. Ons sou dit in Afrikaans kon omskryf as prestasieweiering en dink hier onwillekeurig aan die *great refusal* – Herbert Marcuse se revolusionêre slagspreuk.

Prestasieweiering of normaliteitsweiering soos Günter Wirth dit ook noem (Wirth, 1987:250), word (soos verwag kan word) primêr deur Leni as sentrale karakter beoefen. Reeds as jong meisie in haar pa se firma woon sy op versoek van haar vader besprekings net by weens die uitwerking van haar besondere skoonheid op mans (Böll, 1975:25). Sy het wel 'n notaboek en potlood byderhand en skryf nou en dan sleutelwoorde neer, maar van enige verdienste of prestasie van haar kant kan daar geen sprake wees nie.

Die tendens tot veral normaliteitsweiering sit sy voort in haar werk in die blommewinkel. Die eienares, Liane Hölthohne, was selfs bereid om Leni 'n vennootskap aan te bied, maar omdat Leni geen ambisie gehad het nie,

het sy dit van die hand gewys: "... sie hätte in einem hübschen Kleid vorne im Laden bedienen können, aber sie stand lieber in ihrem Kittel in der kahlen Hinterstube, flocht Kränze und band Blumensträuße" (Böll, 1975:150).

Haar latere bedanking staan ook duidelik in die teken van prestasieweiering. Sy bedank haar werk sonder dat sy in der waarheid siek of oud is (Böll, 1975:7), omdat sy nog net dít wil doen wat haar werklik plesier verskaf (Böll, 1975:323). Daarby laat sy haar seun toe om vullisverwyderaar te word, 'n duidelike uitvloeisel van haar prestasieweiering (Durzak, 1975:94).

Die duidelikste eksponent van die prestasieweiering is egter haar seun Lev, wat, soos reeds aangetoon, messiaanse trekke vertoon en dus geen randfiguur in die roman is nie. As nuwe messias is hy dan ook by uitstek die een wat die nuwe leer verkondig en beoefen. Prestasieweiering as terugkeer na ware menslikheid kom in die lewe van Lev op verskillende maniere tot uiting. So loop hy byvoorbeeld tydens sy skoolloopbaan gevaar om na 'n spesiale skool oorgeplaas te word. Ten spyte van sy begaafdheid en intelligensie gedra hy hom deurgaans soos wat die samelewing van 'n *outsider* met duidelike asosiale kenmerke sou verwag. Alhoewel Lev reeds op dertienjarige ouderdom Russies vloeiend kan lees en skryf en Russiese poësie van buite ken, bly sy Duitse grammatika op hulpskoolvlak.

Nadat hy die skool verlaat het, wy hy hom ses jaar lank uitsluitlik aan die welsyn van sy ma. Afgesien daarvan dat hy haar aanraai om haar werk te bedank, bring hy vir haar buitelandse gasarbeiders as huurders van die wooneenhede in haar huis (Böll, 1975:356). In sy beroep as vullisverwyderaar vorder hy tot voorman, maar weier enige verdere bevordering ten spyte van sy buitengewone organisatoriese begaafdheid en 'n aanbod van 'n aansienlik hoër loon van sy werkgewer (Böll, 1975:359).

Die motivering vir hierdie optrede is dat Leni en Lev tevrede is met dit wat hulle vir hul lewensonderhoud nodig het. Hul lewenswyse is dus die direkte teenpool van dit wat Herlyn die moderne Auschwitz noem (Herlyn, 1979:64). Lev se lewenshouding word deur die tronkbewaarder besonder goed saamgevat: "... eine extreme Polarisierung der Gesellschaft gegenüber findet statt, indem dort, wo Leistung etwas 'einbringen' könnte,

in der Schule, Leistungsverweigerung, gleichzeitig aber dort, wo Leistung nichts 'einbringen' kann, außerhalb der Schule, Leistung praktiziert wird" (Böll, 1975:335).

'n Laaste eksponent van hierdie nuwe evangelie of lewensiening is Hubert Gruyten, Leni se pa. In die eerste deel van die roman lees ons dat dit vir hom ten spyte van sy rykdom nóg oor geld nóg oor mag gegaan het, maar veeleer oor spel: "Was ihn reizte, war das Spiel, ja ein Spieler war er ..." (Böll, 1975:78-79). Hierdie speelse element loop uiteindelik uit op die sogenaamde "Tote-Seelen-Skandal" (Böll, 1975:130; Durzak, 1975:93), waardeur hy in die tronk beland. Na die oorlog speel hy die rol van nutsman en verkies dit om 'n waentjie gereedskap van huis tot huis agter hom aan te sleep en saans saam met sy dogter en kleinseun langs die Ryn te sit en sing bo die moontlikheid om weer 'n eie besigheid op die been te bring (Herlyn, 1979:118). Tiperend van hom in hierdie tyd word sy lag waarmee hy reageer op die hele koorsagtige doenigheid van die Hoysers as verteenwoordigers van die nuwe Duitse samelewing wat op kapitalistiese basis opgebou word (Böll, 1975:243).

Böll se nuwe utopiese mense ken nie alleen geen gebrokenheid in hul natuur nie (Leni se geniale sinnelikheid), hulle onderwerp hulle ook nie aan werk of bedrywighede wat vir hulle wesensvreemd is nie. Dit alles lei daartoe dat werk deur die bevryding wat prestasieweiering bring in spel verander word en dus sy dikwels onmenslike aard verloor.

5. Die lidmate van die nuwe kerk

Die lidmate van die nuwe gemeente in hierdie roman is eksponente van 'n klaslose, profytlose samelewing. 'n Mens sou hier die term *proletaries* kon gebruik, 'n term wat male sonder tal in die loop van die roman gebruik word om Leni te beskryf.

Hierdie klasloosheid van Böll se utopiese gemeenskap is egter iets heel anders as dié wat die Kommunistiese Party propageer (Böll, 1975:296), want Leni is proletaries in haar *wese* – sy is dit nie weens een of ander oortuiging of ideologie nie. Daarom is sy ook net vir 'n kort tydjie lid van die Kommunistiese Party. Die Party het geen begrip vir die *instinktiewe manier* waarop Leni proletaries is nie. Sy leef kommunisme in sy suiwerste en waarste vorm uit. Liane Hölthohne formuleer dit so:

Seltsam – ich bin erst spät dahintergekommen, was Leni so undurchsichtig machte – sie war proletarisch, ja, ich bleibe dabei, ihr Verhältnis zu Geld, Zeit und so weiter, – proletarisch; sie hätte es weit bringen können, aber sie wollte nicht weiter; es war nicht das Fehlen von Verantwortungsgefühl, auch nicht die Unfähigkeit, Verantwortung zu übernehmen, und daß sie sogar planen konnte, nun, das hat sie wohl reichlich bewiesen ... und wie gesagt: kein Verhältnis zum Geld, keins zum Besitz (Böll, 1975:148, 149).

Dat Leni se proletariese wese ten nouste saamhang met prestasieweiering, die blye boodskap van die nuwe kerk, blyk duidelik uit bostaande aanhaling. Dit is dan ook juis hierdie instelling van Leni wat daartoe aanleiding gee dat die Hoysers, die eksponente van die moderne kapitalistiese Duitse samelewing, haar uit haar huis wil sit om haar ‘vars lug te gee’ (*lüften*). Hulle noem byvoorbeeld die feit dat sy van haar huurders presies net soveel huur vermag as wat sy self betaal as motivering, iets wat volgens hulle begrip alle ekonomiese norme weerspreek. Leni se optrede is vir hulle totaal onbegryplik en waarskynlik ook bedreigend, omdat sy (in die woorde van Werner Hoysers weergegee) “instinktiv, hartnäckig, unartikuliert, aber konsequent sich weigere, jegliche Erscheinungsform des Profitdenkens nicht etwa ablehne, das setzte ja Artikulation voraus, sondern einfach verweigere” (Böll, 1975:325-326).

Leni as sentrale karakter is dus ’n prototipe van die ware proletariaat; dog die gemeenskap wat as subkultuur om haar versamel, kan nie sonder meer as proletaries beskryf word nie. Die lede van die “Helft-Leni-Komitee” kom uit alle lae van die samelewing. So is daar Schirtenstein en Scholsdorff wat ’n mens as intellektuele kan beskou, terwyl Liane Hölthohne en Walter Pelzer ewe eens nie tot lede van die werkersklas gereken kan word nie. Die ‘komitee’ is veeleer ’n dwarsnit deur die hele samelewing, soos die eerste Christelike gemeente trouens ook was.

Hierdie mense vorm egter ’n nuwe gemeenskap waarin sosiale klasse geen rol meer speel nie. Conard skryf in dié verband:

The ‘Helft-Leni-Komitee’ is a cross-section of society, a microcosm of the real world, a symbol of solidarity that transcends the proletariat and simply comprises people of goodwill, a model of a classless society (Conard, 1981:181).

Hier kan veral daarop gewys word dat die samebindende faktor tussen hierdie mense nie ideologies is nie, maar eerder sensueel of dan wel sinnelik van aard is.

Die nuwe humaniteit, soos Böll dit vir hom voorstel, kan dus verskille oorbrug, ook ekonomiese en sosiale verskille. Deur 'sensitiserings', deur kommunalisme en 'n utopie van nuwe menslikheid soos dit in Leni vergestalt word, wil die roman 'n alternatief vir die materialistiese moderne Duitse samelewing daarstel.

'n Belangrike element wat die lidmate van die alternatiewe kerk betref, is die tema van afval of dan wel dit wat die samelewing as afval of vullis beskou. Soos reeds aangedui is, het Böll in sy *Frankfurter Vorlesungen* beweer dat die modeme skrywer sy stof op die vullishope van die maatskappy moet soek, omdat ware menslikheid slegs dáár te vinde is (Böll, 1968:82). Hierdie siening vind ook weerklank in die samestelling van sy nuwe of alternatiewe kerk.

Reeds die feit dat Leni vir Boris liefhet, Boris wat volgens Nazi-ideologie as Rus 'n sogenaamde *Untermensch* is, hang saam met die *afval*-tema. Daarby vorm 'n begraafplaas wat normaalweg met afval en ontbinding in verband gebring word die sentrum waar die groep as subkultuur bymeekaarkom (Durzak, 1975:94). Verder is daar die feit dat die meeste van die lede van Leni se groep tot die asosiales behoort: mense soos Lotte Hoyser, Bogakov en die buitelandse gasarbeiders wat die wooneenhede in haar huis huur.

In die lewe van Lev word die *afval*-tema verder gekonkretiseer deurdat hy nie slegs as buite-egtelike kind van 'n Rus by 'n Duitse vrou 'n buitestaander in die samelewing is nie, maar daadwerklik as vullisverwyderaer werk, 'n beroep "der der Reinigung dient, aber als schmutzig gilt" (Böll, 1975:360). Daarby het Leni in die tweede helfte van die roman 'n Turkse gasarbeider as minnaar wat ook as vullisverwyderaer werk. "Ein Müllarbeiter, der Mülltonnen rollt, hochhebt, auskippt, in Liebe verbunden mit einer Frau, die um drei Männer trauert, Kafka gelesen hat, Hölderlin auswendig kennt, die Sängerin, Pianistin, Malerin, Geliebte, vollendete und werdende Mutter ist ..." (Böll, 1975:348). Die aktiwiteit van die "Helft-Leni-Komitee" bereik dan ook 'n hoogtepunt in die sogenaamde "Müll-Happening" wat deur die vullisverwyderaars georganiseer word en waardeer Leni se uitsetting uit haar huis verhoed word.

Ziolkowski skryf in hierdie verband dat die protes-aksie van die vullisverwyderaars eintlik 'n oornam van die oorspronklike barmhartig-

heidsrol van die kerk is. Omdat die kerk sy roeping versaak het om die lydendes deur liefde te troos, word dit deur ander instansies, in hierdie geval die vullisverwyderaars van die “Helft-Leni-Komitee” oorgeneem (Ziolkowski, 1975:137). (Die “Helft-Leni-Komitee” word self ook beskou as uitgeworpenes uit die samelewing – as afval.) Hierdie siening, naamlik dat die kerk sy eintlike funksie nie meer vervul nie – ’n siening wat ’n mens heelhartig kan onderskryf, beklemtoon weer eens die rol van Leni se groep as nuwe kerk wie se lidmate van die vullishope van die samelewing kom. Dít herinner weer sterk aan die gelykenis van Christus waarin gepraat word van die genooïdes wat die bruilof nie waardig was nie en van dié wat dan van die strate en stegies ingebring word as die bruilofsgaste (lidmate van sy nuwe kerk) – “die armes en kreupeles en blindes en verlamdes” (Luk. 14:21).

Böll se omkering van die begrip *afval* kan as die kern van sy siening van humaniteit beskou word. In hierdie verband skryf Balzer dat die feit dat Böll kant kies vir die *outsider* teenoor die *establishment*, vir die individu teenoor die groot instansies, vir die onderdrukte teenoor die maghebbers, die essensie van sy menslikheid is en die rede vir sy sukses (Balzer, 1975b:3). Sy helde moet ’n teenvoeter teen die samelewing vorm, in konflik met die samelewing staan, omdat die samelewing onmenslik geword het. Hierteenoor word hulle deur die samelewing as *afval* en buitestaanders beskou en dienoooreenkomstig behandel (Balzer, 1975a:14). Die rede vir hierdie verwerping moet waarskynlik daarin gesoek word dat hulle hul nie aan die heerskappy van die prestasiebeginsel wil onderwerp nie (Herlyn, 1979:73), maar veeleer die ‘evangelie’ van prestasieweiering voorstaan. Margareta Deschner (1974:22) is dieselfde mening toegedaan as sy skryf: “Böll finds the true human values thrown today on to society’s dump heaps. His novel is full of sadness, compassion and hope for the insignificant people of those habitats”.

Die *afval*-tema hang ten nouste saam met die ander eienskappe van Böll se nuwe mens soos vergestalt in sy ‘nuwe kerk’. Die nuwe mens sien nóg neer op die sogenaamde ‘banale’ liggaamlikheid nóg streef hy na geld en besittings – eienskappe wat in totale konflik is met die norme wat algemeen in die samelewing geld.

Böll hat mit sicherem Instinkt, vielleicht mit entsprechenden sozialpsychologischen Kenntnissen herausgefunden, daß in der Gesellschaft des Lei-

stungsprinzips das mit der größten emotionalen Abwehr Abgestoßene und Verpönte jegliche Form von Dreck, Schmutz und Abfall ist, so wie umgekehrt das am meisten Geliebte und am höchsten Geschätzte das Geld ist (Herlyn, 1979:73).

Miskien vat Böll se eie woorde in verband met hierdie roman die essensie van sy nuwe humaniteit ten beste saam. Alle eienskappe van sy nuwe kerk, van sy “Teologie van teerheid” kan miskien byeengebring word onder die een noemer, naamlik dié van die “Sakralität des Materiellen” (die heiligheid van die materiële of liggaamlike) (Carlson, 1974:60).

6. Die praktiese implikasies van Böll se alternatiewe model

Daar is reeds vroeër in hierdie artikel daarop gewys dat Böll sy *Gruppenbild*-roman 'n uitvoerbare voorstel oftewel alternatief genoem het. Voorts is dit ook nie toevallig dat Leni dié betekenisvolle woorde geuiter het nie: “Unsere Dichter sind die mutigsten Kloreiniger gewesen” (toiletskoonmakers) (Böll, 1975:82). Böll sien die taak van die skrywer daarin dat hy met literêre middele moet poog om misstande in die samelewing te kritiseer, maar ook om positief en *daadwerklik* daarop in te werk – vandaar die siening van digters as toiletskoonmakers.

Dit staan voorts bo alle twyfel vas dat Böll sy alternatiewe model baie breër uitgewerk het in hierdie roman as wat die geval was in vorige werke. In vroeëre werke staan die samelewingskritiek eerder sentraal, terwyl weinig wat 'n alternatiewe *program* betref, gekonkretiseer word. In *Gruppenbild mit Dame* is daar egter nie slegs die nou reeds bekende ‘groep’ as anti-samelewing of subkultuur nie, maar daar kan ook 'n sekere mate van sukses geboekstaaf word in die stryd teen die heersende anti-humane magte in die samelewing. Daar is selfs 'n nuwe ‘program’, dié van prestasieweiering. Hoeveel uitwerking sou Böll se voorstelle egter in hierdie roman kon hê om die ‘toilet’ van die samelewing skoon te maak? Wat hierdie vraag betref, is daar onder interpreteerders heelwat verskil van opinie. In dié artikel word vervolgens slegs na enkele menings verwys.

Manfred Durzak, die bekende Germanis, is byvoorbeeld die mening toegedaan dat die protesaksies van Böll se romankarakters wel hulle eie swaarkry verlig, maar geen nuwe toekomspektiewe open nie (Durzak, 1975:83). Na sy mening bestaan die ‘beter lewe’ vir hierdie mense hoog-

stens daarin dat die bestaande beveg en afgewys word. Om hierdie rede kan daar geen werklik bevrydende uitwerking van hulle uitgaan nie (Durzak, 1975:85). Durzak wys verder daarop dat Böll daartoe neig om protes in kuns te omskep (Durzak, 1975:86, 87). Dit is presies wat met die sogenaamde “Müll-Happening” gebeur. Die weerstand wat die vullis-verwyderaars bied en wat daaruit bestaan dat die strate om Leni se huis met vullisvragmotors geblokkeer word om haar uitsetting te verhinder, vertoon duidelik speelse, byna sprokiesagtige trekke (Durzak, 1975:89). Nogtans gee Durzak toe dat hierdie roman die duidelikste poging in Böll se werk is om die isolasie van sy *outsider*-helde te deurbreek.

Herlyn wys op sy beurt daarop dat, net soos in die geval van Marcuse, dit die nuwe sensitiwiteit is of miskien selfs instinktiwiteit (my term), die erotiese of sensuele dus, wat die dryfveer agter die protesaksies en die alternatiewe samelewing is. Hierdie sensitiwiteit of sinnelikeheid is dan ook juis die fondament van die solidariteit by die groepe in die roman (Herlyn, 1979:120). Vir Herlyn bly dit egter ’n vraag of die politities byna onbewuste aard van hierdie protes, hierdie apolitiese aksionisme waarin ’n groot stuk prinsipiële anti-institusionalisme lê, nie maklik tot onttrekking (“Resignation”) sou kon lei nie (Herlyn, 1979:121, 122).

Conard daarenteen is van mening dat Böll se *Gruppenbild*-roman wel met ’n werkbare alternatiewe model teenoor die Westerse kapitalisme vorendag kom. Böll se alternatief, soos beliggaam in die groepe in die roman, is in wese kommunisties van aard. (Hier moet beklemtoon word dat die term *kommunisties* deur Conard in die sin van ’n *filosofiese* konsep gebruik word en nie in die sin van kommunisme as politieke beweging nie.) Elkeen dra volgens talent en vermoë sy deel by (Conard, 1981:180). Tog verskil Böll se model grootliks van die geïnstusionaliseerde kommunisme, wat volgens sy opvatting sy eie wese verrai het (Conard, 1981:181).

’n Mens sou hier eerstens samevattend kon opmerk dat Böll se ‘program’ van sensuïlisering met die klem op die sinnelike of instinktiwiteit, wat dan direk uitloop op die sogenaamde prestasieweiering en die verandering van werk in spel, nie los van die ontstaantyd van hierdie roman gesien en verstaan kan word nie. Die roman verskyn in 1971; dus val sy ontstaantyd min of meer saam met die Duitse Kultuurrevolusie van 1968. Soos reeds vlugtig aangetoon is, toon Böll se ‘Teologie van teerheid’ sterk oor-

eenstemming met die filosofie van Herbert Marcuse. Enkele aanhalings ter staving van hierdie stelling: Böll doen “auf literarischer Ebene letztendlich nichts anderes ... als Marcuse auf philosophischer Ebene” (Herlyn, 1979:11). En verder:

Marcuse maintains that human fantasy, forms of eroticism which do not seek to master others, the capacity for play and artistic creation and aesthetic sensibility all testify to the possibility that man can encounter the world in a meaningful way without the lust for domination and the repression, calculation and anxiety which that lust implies (Kettler, 1975:25).

Marcuse (1973:191) pleit vir “Die Umformung von Arbeit (Mühe) in Spiel und von repressiver Produktivität in ‘Schein’ ... es würde Libido freiwerden, die die institutionalisierten Grenzen, in denen sie durch das Realitätsprinzip gehalten wird, überfluten müßte” (Marcuse, 1973:197).

Marcuse het met sy ideaal van die spelende mens (*homo ludens*) wel deeglik 'n groot (en vir ander denkers in die “Frankfurter Schule” miskien selfs ontstellende invloed op die Duitse samelewing, ja selfs op die hele Europa van die laat sestigerjare gehad – vgl. Von Delft, 1989:31.) Wat die ooreenkoms met Marcuse betref, is Böll deur en deur 'n kind van sy tyd – 'n tyd wat beslis nie ongemerk en sonder gevolge oor die Europese samelewing heengegaan het nie. Von Delft maak selfs die stelling dat daar tydens die kultuurrevolusie van 1968 in die algehele antropologiese, staatkundige, maatskaplike, etiese en religieuse denke van die Weste iets radikaal en feitlik onherstelbaar meegee het (Von Delft, 1989:30). Dit sou dus, veral in die lig van die geskiedenis waarop ons nou na meer as twintig jaar kan terugkyk, foutief wees om te sê dat Böll se ideale en alternatiewe geen uitwerking op die samelewing kon hê nie.

'n Element wat egter hier wel deeglik verreken moet word, is die feit dat Böll se hele ‘program’, sy hele ‘teologie’, *instinktief* van aard en daarom in wese anti-institusionalisties is. Alle eienskappe van sy helde en dus ook van sy alternatiewe kerk soos hierbo uiteengesit, is in die wese van sy buitestaanderhelde gegrond. Hierdie mense handel in volle ooreenstemming met hul natuurlik-instinktiewe spontaneiteit en nie byvoorbeeld volgens een of ander ideologiese program waartoe hulle van buite geïndoktrineer word nie.

Hier lê na my mening dan die sentrum van die probleem en daarvolgens

moet die beskuldiging van onuitvoerbaarheid of programloosheid wat dikwels teen Böll geopper word, waarskynlik verstaan word. 'n Mens kan nie soos Leni Pfeiffer word nie omdat sy vanself, sonder enige etiese kodes of voorskrifte die regte dinge doen. Sy is in haar *wese* rein en nie weens een of ander opvoeding of voorbeeld nie. Sy is in haar *wese* ongebroke (sondeloos?) en ken geen dualisme in haarself nie – ten spyte van die feit dat die hele samelewing om haar van haar jeug af probeer het om haar tot die teendeel te beïnvloed.

Böll se 'program' vind dus neerslag in die *wese* van sy hoofkarakter – klaarblyklik kan 'n mens nie soos Leni *word* nie, jy moet noodwendig so *gebore* wees. (Hierdie siening herinner sterk aan die Christelike leer van die wedergeboorte waarvolgens die mens ook, buite sy toedoen om van Bo, dit wil sê deur God, nuutgemaak word.) Hoe verander 'n mens egter 'n samelewing deur mense op te roep om iets te *wees*, sonder ideologie of etiese norme, sonder 'n program?

Daar moet egter dadelik opgemerk word dat die groep om Leni ook nie bestaan uit mense wat wesensmatig proletaries is nie. Tog gaan daar van Leni se voorbeeld 'n merkbare invloed uit. Ten spyte van verskille vorm die groep 'n nuwe gemeenskap waar ander norme geld. 'n Mens sou dus met die teks in die hand bogenoemde argument kon bestry en daarop wys dat die utopie 'n werklikheid kan word op grond van 'n mens of mense soos Leni, deur 'n terugkeer na die instinktiewe, deur die vestiging van 'n libidinale samelewing, deur handeling in ooreenstemming met jou *wese*!

Böll se hele alternatiewe model is gegrond op hierdie kernsaak van so-wees en nie so-word nie, van instinktiewe handeling. Nogtans is hy blykbaar oortuig daarvan dat die 'evangelie' van sy 'Teologie van teerheid' wel in 'n hoë mate tot 'program' gemaak kan word. Mense kan opgevoed of beïnvloed word om die *rat race* van die moderne kapitalistiese samelewing vaarwel toe te roep deur prestasieweiering sonder meer toe te pas.

Dat 'n algemene strewe na prestasieweiering en libidinaliteit steeds baie duidelike konsekwensies vir ons Westers-kapitalistiese samelewing sou kon hê, is nie te betwyfel nie. Die 1968-revolusie het inderdaad ook sy uitwerking op Europa duidelik laat voel, maar tans is 'n verbruikersmentaliteit en 'n strewe na mag bedreigings groter as ooit tevore.

Om terug te keer na ons Afrika-konteks: dalk spreek uit ons effense radeloosheid met Böll se 'teologie' dieselfde onbegrip wat die Westerling in ons land dikwels toon teenoor kulture wat wesensmatig anders is, dieselfde begeerte om mense wat anders *doen* en *is te lüften*. Ons staan ook dikwels afwysend, selfs afkeurend, teenoor gedrag wat volgens ons getuig van onwil om te presteer ('Afrika-tyd'), teenoor die sensuele aard van handeling wat volgens ons opvatting byvoorbeeld polities en daarom wesenlik nie-sensueel van aard behoort te wees (*toi-toi*), teenoor *ubuntu* waarvan ons met ons individualistiese instelling niks verstaan nie. Die ironie hiervan is dat ons Westersinge juis in terme van Böll se alternatiewe kerk soveel van ons landgenote kan leer.

Bibliografie

- Arnold, Heinz Ludwig. 1971. *Im Gespräch: Heinrich Böll mit Heinz Ludwig Arnold*. Edition Text & Kritik. München : Richard Boorberg Verlag.
- Augstein, Rudolf. 1973. Der Katholik. In: Reich-Ranicki, Marcel (red.). *In Sachen Böll. Ansichten und Einsichten*. 4. Aufl. München : dtv. p. 75-82.
- Balzer, Bernd. 1975a. Einigkeit der Einzelgänger. In: Matthaei, Renate (red.). *Die subversive Madonna. Ein Schlüssel zum Werk Heinrich Bölls*. Köln : Kiepenheuer & Witsch. p. 11-33.
- Balzer, Bernd. 1975b. Humanität als ästhetisches Prinzip – Die Romane Heinrich Bölls. In: Beth, Hanno. *Heinrich Böll: Eine Einführung in das Gesamtwerk in Einzelinterpretationen*. Regensburg : Scriptor. p. 1-27.
- Böll, Heinrich. 1963. *Billard um halbzehn*. 6. Aufl. Köln : Kiepenheuer & Witsch.
- Böll, Heinrich. 1968. *Frankfurter Vorlesungen*. München : dtv.
- Böll, Heinrich. 1975. *Gruppenbild mit Dame*. 4. Aufl. München : dtv.
- Carlson, Ingeborg L. 1974. Heinrich Bölls *Gruppenbild mit Dame* als frohe Botschaft der Weltverbrüderung. *University of Dayton Revue*, 11(2):51-64.
- Conard, Robert C. 1981. *Heinrich Böll*. Boston : Twayne.
- Deschner, Margareta. 1974. Böll's Lady: a New Eve. *University of Dayton Revue*, 11(2):11-23.
- Durzak, Manfred. 1975. Leistungsverweigerung als Utopie? In: Matthaei, Renate (red.). *Die subversive Madonna. Ein Schlüssel zum Werk Heinrich Bölls*. Köln : Kiepenheuer & Witsch. p. 82-99.
- Herlyn, Heinrich. 1979. *Heinrich Böll und Herbert Marcuse. Literatur als Utopie*. Lampertheim : Kübler.

- Kaiser, Herbert. 1978. Die Botschaft der Sprachlosigkeit in Heinrich Bölls Roman "Gruppenbild mit Dame". (sic) *Wirkendes Wort*, 28:221-232.
- Kettler, David. 1975. Herbert Marcuse. In: De Crespigny, A. & Minogue, K. *Contemporary Political Philosophers*. London: Methuen. p. 1-48.
- Lange, Victor. 1975. Erzählen als moralisches Geschäft. In: Matthaei, Renate (red.). *Die subversive Madonna. Ein Schlüssel zum Werk Heinrich Bölls*. Köln : Kiepenheuer & Witsch. p. 100-122.
- Linder, Christian. 1975. *Drei Tage im März: Ein Gespräch*. Köln : Kiepenheuer & Witsch.
- Marcuse, Herbert. 1973. *Triebstruktur und Gesellschaft. Ein philosophischer Beitrag zu Sigmund Freud*. Frankfurt/Main : Suhrkamp.
- Salusinszky, Imre. 1987. *Criticism in Society*. New York & London : Methuen.
- Schnedl-Bubenicek, Hanna. 1977. *Relationen zur Verfremdung des Christlichen in literarischen Texten der Gegenwart*. Salzburg : Universität Salzburg. (Dissertation.)
- Sowinski, Bernhard. 1993. *Heinrich Böll*. Stuttgart und Weimar : Metzler.
- Von Delft, Klaus. 1989. Die Duitse Kulturrevolusie van 1968. *Acta Academica*, 21(2):21-40.
- Vormweg, Heinrich. 1985. Heinrich Böll Is Dead. An Obituary. In: *Heinrich Böll. On His Death. Selected Obituaries and the Last Interview*. Bonn : Inter Nationes. p. 14-16.
- Wellershof, Dieter. 1975. Heinrich Böll/Dieter Wellershof. *Gruppenbild mit Dame*. Ein Tonband-Interview. In: Matthaei, Renate (red.). *Die subversive Madonna. Ein Schlüssel zum Werk Heinrich Bölls*. Köln : Kiepenheuer & Witsch. p. 141-155.
- Wirth, Günter. 1987. *Heinrich Böll*. Religiöse und gesellschaftliche Motive im Prosawerk. Hers. uitg. Köln : Pahl-Rügenstein.
- Ziolkowski, Theodore. 1975. Typologie und 'Einfache Form' in Heinrich Böll's in "Gruppenbild mit Dame". In: Matthaei, Renate (red.) *Die subversive Madonna. Ein Schlüssel zum Werk Heinrich Bölls*. Köln : Kiepenheuer & Witsch. p. 141-155.

